

DISSIPELSKAP LES 37

1	GEBED
---	-------

Bid vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[UITDRUKKINGS VAN AANBIDDING]</i> OEFEN BEWUSWORDING VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID
---	--

Definisie

Lees voor: Aanbidding is:

- 'n *houding* van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskillende vorms van gebed en jou daaglikse lewe (jou lewensstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding stil by één kenmerk van God waarvoor ons Hom aanbid.

Meditasie

Aanbidding is 'n uitdrukking van jou houding teenoor God.

Tema: Oefen die besef van God se teenwoordigheid.

Lees saam die onderstaande Bybeltekste. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. God is oral aanwesig.

Lees Psalm 139:7-10.

God is waarlik op elke plek aanwesig. Hy is verseker aanwesig in die groot heelal. Maar Hy is ook by ons. Ons is nie altyd bewus van sy teenwoordigheid en nabyheid nie, omdat ons nog so ongeestelik en aards is. Daarom moet ons ons oefen om die teenwoordigheid en nabyheid van God te besef en te beleef.

2. Kom bewustelik in God se teenwoordigheid in.

Lees Psalm 27:4 “Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.” Verlang net die één ding! Soek die een ding! En dit is: om te mag leef in 'n besef van die teenwoordigheid van God! Om met jou geestesooog sy “lieflikheid” (AOV) te aanskou, d.w.s. sy goddelike kenmerke te oordink.

Hoe doen mens dit prakties?

- Begin jou gebed en jou aanbidding deur eers tot stilstand te kom. Herinner jouself in hierdie stilte dat God by jou is. Tree bewustelik God se teenwoordigheid en nabyheid binne.
- Sit jou gebed en aanbidding voort deur na te dink oor één kenmerk van God. God se goedheid (AOV –lieflikheid) bestaan uit al sy goddelike kenmerke (eienskappe), bv, sy liefde, sy trou, sy heiligheid of sy almag. Gee die Heilige Gees kans om daardie kenmerk vir jou uit te lê vanuit die bladsye van die Bybel.
- Mediteer oor die volgende twee vrae: Wat beteken die kenmerk vir God Self? Wat beteken die kenmerk vir my persoonlik?

3. Wandel bewus met God.

Lees Psalm 16:8,11. “Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.. U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydschap. Uit u hand kom net wat mooi is.”

Hoe doen jy dit prakties?

- Dink so dikwels moontlik aan die feit dat God Self langs jou staan. Daarom wankel en aarsel jy nie. Mediteer doeltrewus oor die feit dat Hy besig is om vir jou die weg na die lewe te wys. Hy wil jou baie bly maak deur jou 'n plek aan sy sy te gee!
- Oefen jou elke dag tussendeur al jou aktiwiteite om bewus te wees van God se teenwoordigheid. Betrek God doeltrewus wanneer jy met ander mense omgaan, wanneer jy planne maak, beslissings en keuses maak, wanneer jy studeer of werk.
- Herinner jouself aan die feit dat God besig is om na jou te kyk, na jou te luister, oor jou na te dink! God is besig om jou te beskerm en sal nie toelaat dat jy struikel, val of twyfel nie. God is teenwoordig, nie as 'n veraf of ongeïnteresseerde toeskouer nie, maar baie naby jou en begerig om jou te ontmoet, met jou te praat en met jou om te gaan! Hy is teenwoordig met 'n spesifieke doel! Soms is Hy daar om jou te waarsku, tereg te wys of te genees. Ander kere is Hy daar om te troos, te bemoedig en te help. Soms wil Hy vir jou iets leer. Ander kere wil Hy 'n deur vir jou oop- of toesluit.

Henog en Noag het met God gewandel (Genesis 5:22; Genesis 6:9). Abraham noem God “My vriend” (Jesaja 41:8). Jesus noem sy dissipels “sy vriende” (Johannes 15:15). God wil hê dat ons mekaar se vriende sal wees en saam met mekaar sal leef.

Aanbidding

Aanbid God deur vir 2 minute stil oor God se teenwoordigheid na te dink.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] JOSUA 1 - 4
---	------------------	----------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Josua 1 - 4). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[VRUG DRA] DIE ONTDEKKINGSGROEP
---	----------------------	------------------------------------

Daar is baie maniere om die evangelie te verkondig en aan ander mense te leer: persoonlike evangelisasie, evangelisasie in 'n klein groep, evangelisasie d.m.v. groot byeenkomste, evangelisasie d.m.v. verspreiding van lektuur, evangelisasie d.m.v. musiek, toneel-/opvoering, film, TV en radio. 'n Voorbeeld van evangelisasie in 'n klein groepie is om elke keer één Bybelgedeelte met mekaar te bespreek en self die evangelie daarin te ontdek.

A. BYBELSE BEGINSELS VIR EVANGELISASIE

Ontdek en bespreek. Wat is die beginsels vir evangelisasie in die volgende Bybelgedeeltes?

1. Bid vir nie-Christene.

Bid gereeld en aanhoudend vir familie, vriende, klasmaats, kollegas en bure. Let op wat God besig is om in hulle lewens te doen (Kolossense 4:2-4). Bid dat God hulle oë en harte sal oopmaak en hulle lewens aanraak (Handelinge 16:14). Deur gebed verklaar jy dat jy volledig van God afhanklik is, want dis net Hy wat in die denke, hart en lewens van hierdie mense kan werk.

2. Raak betrokke by die lewens van nie-Christene.

Jesus het na plekke toe gegaan waar mense bemekaar gekom het (feeste, maaltye, sinagoges en strate) (Johannes 2:1,12). Jesus het betrokke geraak by die lewens van mense en by dit wat in hulle omgewing gebeur het. Só kon Hy 'n positiewe invloed uitoefen op hulle omgewing (Handelinge 10:38). Die profete, Jesus Christus en die apostels het 'n voorbeeldige lewe onder die mense geleef. Hulle het betrokke geraak by die aktiwiteite van hierdie mense, het saam met hulle geleef deur moeilike omstandighede en het in hulle lewens belanggestel.

Raak dus ook betrokke by die lewens van nie-Christene. Deel jōu lewe ook met hulle. Die kwaliteit van jou lewe, jou betroubaarheid, opregtheid, vrygewigheid, persoonlike belangstelling, hulpvaardigheid en liefde kan hulle wantroue teen Christene en hul afkeer van Jesus Christus wegneem en die weg baan na 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus.

3. Betrek nie-Christene by jou lewe.

Jesus het mense uitgenooi om by sy lewe betrokke te raak (Johannes 1:38-39a). Wek die belangstelling van nie-Christene deur hulle uit te nooi om in jou leefwêreld in te kom. Leef 'n voorbeeldige lewe in jou eie huis. Stel jou huis oop vir andere. Nooi nie-Christene uit om te kom kyk en self te sien wie en wat christene is en hoe hulle lewe. Betrek hulle by jou atiwiteite en verhoudings met ander Christene. Laat nie-Christene toe om van naderby en vir 'n langer tyd te ontdek dat 'n lewe met Jesus Christus en met Christene 'n heel positiewe invloed op jou lewe kan hê. Jou boodskap word net geloofwaardig deur dit wat jy voorleef en uitleef (Matteus 6:16; 23:3).

4. Gebruik die Bybel by evangelisasie.

Alleen deur die woorde in die Bybel te hoor, d.w.s. die woorde wat Jesus tot hulle spreek, kan nie-Christene tot geloof in Jesus Christus kom (Romeine 10:14-17). Laat 'n nie-Christen self die Bybel lees en die waarhede daarin self ontdek (Handelinge 8:30-31,35).

(1) Die metode van 'n ontdekkingsgroep is:

“Laat mense self die Bybel lees en die waarhede daarin ontdek”

Gebruik die beginsels in Handelinge 17:2-4 in die ontdekkingsgroep:

- Kom weekliks bymekaar as kleingroep (bv. in 'n huis) om die waarhede in die Bybel te ontdek en te bespreek (vs 2).
- Bespreek die waarhede in die Bybel met mekaar (vers 2).
- Verklaar die moeilike gedagtes (Grieks: oopmaak, uitleë) (vers 3a).

- Toon aan of sit uiteen die waarhede oor God en Jesus Christus en sy dood en opstanding aan de hand van ander Bybelgedeeltes (vers 3b).
- Oortuig. Verwag dat die Heilige Gees mense sal oortuig om in Jesus Christus (as hulle Verlosser) te glo (vers 4).

(2) Die doel van 'n ontdekkingsgroep is:

om saam met andere die waarhede in die Bybel oor God, die mense en die lewe te ontdek en te bespreek.

Help nie-Christene om te ontdek wat die Bybel regtig sê, veral oor die volgende vrae:

- Wie is God (die God wat Hom in die Bybel openbaar) en hoe wil Hy 'n verhouding met ons aangaan?
- Wie is Jesus Christus (soos Hy Hom in die Bybel openbaar), wat leer Hy vir die mense, wat het Hy op aarde gedoen en wat doe Hy nou?
- Hoe lyk 'n lewe sonder Jesus Christus en waarheen lei dit?
- Hoe lyk 'n lewe saam met God en waarheen lei dit?
- Hoe kan 'n mens 'n vertroulike verhouding met God aangaan en hierdie verhouding ervaar?

5. Laat nie-Christene self die antwoorde ontdek.

In plaas van te preek en onderrig te gee, is dit beter om die nie-Christen self die waarhede in die Bybel te laat ontdek, self na te dink en self tot eie oortuigings te laat kom (Lukas 10:25-28; Handeling 17:11). Doen dit deur die regte vrae te stel en hulle te laat nadink oor die betekenis en die gevolge van wat hulle lees. Dit maak 'n groter indruk op mense as hulle die waarhede self ontdek. Hulle sal die waarhede dan langer onthou.

6. Laat nie-Christene die waarhede begryp in terme van hulle eie behoeftes.

Hou rekening met sowel die goeie as die slegte aspekte van die kultuur van jou gespreksgenoot (1 Korintiërs 9:19-23, vgl. les 20). Laat die nie-Christen ontdek dat die Bybelse waarhede belangrik is vir wat die mens nodig het in sy lewe (Lukas 4:18-19) en dat die God van die Bybel in staat is om in sy behoefte(s) te voorsien! Onthou dat mense se behoeftes baie van mekaar kan verskil (Matteus 9:36):

- *Liggaamlike behoeftes*: mense kan siek, moeg, uitgeput, honger of arm wees.
- *Emosionele behoefte*: mense kan hulpeloos en onseker voel, en ook nie weet wie hulle nou eintlik is nie, nie van hulleself hou nie, onder spanning leef of diep seergemaak voel.
- *Geestelike behoeftes*: mense sonder 'n Herder kan skuldig of baie skaam voel oor wat hulle gedoen het of oor wat met hulle gebeur het (mishandeling). Hulle kan verbitterd wees en haat- en wraakgedagtes teen iemand koester. Hulle kan opstandig wees teen God. Soms het hulle geestelik en moreel gewoon die pad byster geraak.
- *Behoeftes in gedrag*: mense kan vasgevang wees deur slegte gewoontes (leuens, seks, dwelms, dobbel ens.) of betrokke wees in 'n slegte verhouding of op soek wees na iets wat die leegheid in hulle binneste kan vul. Ander mense het passief geword, doen heeltemal niks meer nie en bou ook geen nuwe verhoudings meer op nie. Hulle het die lewe opgegee.

7. Help nie-Christene om die Bybelse waarhede op hulle eie lewens toe te pas.

Stimuleer en gee geleentheid aan die nie-Christen om die waarheid aan te neem en Jesus Christus in sy hart en lewe in te te nooi as Here en Verlosser (Markus 1:15; Handeling 3:19; 2 Korintiërs 5:20; 2 Korintiërs 6:1-2).

God het nie net die Bybel vir ons gegee as antwoorde op ons vrae nie. Hy het die Bybel ook gegee om ons lewens waarlik te verander! Dit werk die beste as jy na afloop van die byeenkoms, 'n persoonlike gesprek met die nie-Christen voer.

B. DIE ONTDEKKINGSGROEP IS 'N EVANGELISASIE METODE VIR 'N KLEINGROEP

(3) Die werkwyse van 'n ontdekkingsgroep. Die ontdekkingsgroep bestaan uit 'n groepie Christene wat elkeen 'n nie-Christen uitnooi om saam met mekaar bepaalde waarhede in die Bybel te ontdek en te bespreek.

Die ontdekkingsgroep word gekenmerk deur lees, ontdek, bespreek, verklaar, bewys uit die Bybel en samevatting net soos in Handeling 17:1-4,11. Daar vind geen verkondiging, onderwys of uitdaging tot 'n beslissing plaas nie! Die kenmerk van die ontdekkingsgroep is juis dat elkeen deelneem aan die lees, ontdekking en bespreking van die waarhede van die Bybel sonder enige druk om te konformeer!

1. Die plek, atmosfeer en aktiwiteite.

Kies 'n rustige plek. Hou die groep klein, onoffisieel en informeel. Gebruik alleen die Bybel. Moenie dat dit langer duur as 60 - 90 minute nie. Dis beter om geen tipiese christelike aktiwiteite soos sang, gebed en 'n preek te hê nie. Jy wil natuurlik nie die nie-Christen afskrik met aktiwiteite wat vir hom vreemd is nie. Die enigste aktiwiteite in die ontdekkingsgroep is: omgaan met mekaar in 'n aangename atmosfeer, 'n Bybelgedeelte met mekaar lees, die waarhede daarin ontdek, bespreek en saamvat. Julle sou soms wel rustige musiek in die agtergrond kan laat speel. Julle sou ook voor die tyd saam kon eet of na afloop van die bespreking 'n gesellige koppie tee/koffie saam kan geniet.

2. Die deelnemers en die doel.

Elke Christen nooit één nie-Christen uit vir die ontdekkingsgroep. Die Christen kan sê dat die doel van die byeenkoms is om die waarhede oor God, die mens en die lewe vanuit die Bybel te ontdek en met mekaar te bespreek. Elke Christen kom saam met sy nie-Christen gas na die ontdekkingsgroep, sit naas hom, vorm 'n paar wat tydens die studie saamwerk en vertrek ook weer saam met die gas.

3. Die inleiding en die opset (uitleg).

Na die sosiale eet en drink nooit die groepleier almal om in die kring te kom sit. Elkeen stel homself voor, deur te sê wie hy is en wat (hy in sy studie of werk) doen. Die groepleier verduidelik vervolgens die bedoeling van die byeenkoms en die voorgestelde gang van sake: daar word 'n bepaalde Bybelgedeelte twee keer gelees en dan word daar drie vrae bespreek. Elke vraag word eers deur die Christen en nie-Christen paar bespreek en daarna in die hele groep. Die leier vat die bespreking van elke vraag saam. Hy sluit ook die byeenkoms betyds af met 'n samevatting of 'n samevattende illustratie op die bord te teken.

4. Die lees van die Bybel.

Alle deelnemers gebruik dieselfde Bybelvertaling! Dit is tog baie handig om ekstra Bybels en skryfbehoeftes beskikbaar te hê. Elkeen neem deel aan die hardop voorlees van die Bybelgedeelte deur om die beurt één vers te lees. Daarna lees elkeen die hele Bybelgedeelte nog 'n keer vir homself deur.

5. Die vrae vir die bespreking.

Die groepleier gebruik vrae wat die deelnemers sal help om die waarhede van die evangelie uit dáárdie spesifieke Bybelgedeelte te begryp. Hy beperk dit tot drie vrae – één uit elkeen van die drie groepe:

Die 1^{ste} vraag gaan oor wie Jesus Christus is.

Die 2^{de} vraag gaan oor wat Jesus gedoen het.

Die 3^{de} vraag gaan oor hoe verskillende mense 'n persoonlike verhouding met Jesus aangaan. Of oor hoe iemand 'n Christen word.

(1) "Wie is Jesus Christus?" Voorbeelde van vrae:

- Watter unieke aspek van sy persoonlikheid word deur hierdie gebeurtenis geopenbaar?
- Wat sê Jesus hier oor Homself?
- Wat bedoel Jesus as Hy (bv.) sê dat Hy 'die lig van die wêreld' is?
- Wie dink die mense is Jesus?
- Wat het 'n profeet honderde jare gelede oor Jesus gesê?

(2) "Wat doen Jesus Christus?" Voorbeeld van vrae:

- Hoe wys Jesus sy belangstelling in mense as individue?
- Hoe bewys Jesus dat Hy die mense en hulle werklike behoeftes verstaan?
- Hoe verskil Jesus se houding van die houding van sy tydgenote?
- Hoe pak Jesus 'n spesifieke probleem uit die lewe aan (soos onwetendheid, siekte, vooroordeel, hardheid van hart, selfsug, teenstand, dood)?
- Hoe laat Jesus blyk dat Hy mense kan help?
- Hoe toon Jesus aan dat Hy gesag het oor 'n bepaalde situasie of lewensterrein?
- Wat is die belangrikheid van wat Jesus hier doen? Watter impak het sy daad op die mense?
- Wat is die betekenis van wat Jesus hier sê? Waarom sê Hy dit?
- Waarom doen Jesus iets? Byvoorbeeld. Waarom het Hy na die aarde toe gekom?
- Wat leer ons oor die menslike natuur van Jesus uit sy woorde en daede?

(3) "Wat is mense se persoonlike siening van Jesus?" Voorbeeld van vrae:

- Hoe reageer verskillende mense op die woorde en daede van Jesus?
- Hoe wil Jesus Christus met ons omgaan?
- Wat verwag Jesus Christus van ons?
- Wat moet 'n mens volgens Jesus doen om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê?
- Watter veranderinge vind plaas in die persoon wat gaan glo?
- Wat kan 'n gelowige verwag om uit 'n persoonlike verhouding met Jesus te kry?
- Wat is die gevolge as jy 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus begin?
- Wat is die gevolge vir mense wat 'n verhouding met Jesus Christus verwerp?
- Watter argumente gebruik mense om nie in Jesus Christus te glo nie?
- Wat is die betekenis van (bv.) die woord 'glo' of 'Jesus aanneem' of 'Jesus in jou hart en lewe innooi'?

6. Ontdek en bespreek.

(1) Kommunikasie oor en weer.

Die ontdekkingsgroep (Handelinge 17:1-4) word gekenmerk deur:

- wekelikse byeenkomste
- die Bybel te lees
- die feite daaruit te ontdek
- die vrae daaruit te bespreek
- die moeilijke gedeeltes uit te lê
- gebruik te maak van ander Bybelgedeeltes om feite te bewys
- deelnemers te oortuig

Mens preek nie vir mense in die ontdekkingsgroep, of daag hulle daar uit om 'n beslissing te maak nie! Die ontdekkingsgroep is 'n klein groepie waarin die deelnemers die feite in die Bybel ontdek en bespreek.

(2) Die pare.

Die Christen in elke paar help eers sy nie-christelike gas om 'n voorlopige antwoord op die vraag uit die Bybel te vind en bespreek dit dan met hom. Die Christen moenie die vraag vir die nie-Christen beantwoord nie, maar hom aanmoedig om sy eie ontdekkings te maak en sy eie gevolgtrekkings te maak.

Vrae wat nie-christenen aanmoedig om dit te doen, is:

- “Watter feite in die Bybelgedeelte het te make met die vraag?”
- “Wat dink jy beteken dit?”
- “Hoe bring mens dit in verband met die lewe van vandag?”

(3) Die groepleier.

Die groepleier is nie die leraar (bedienaar van die Woord) nie! Hy is eerder die voorsitter of koördineerder of fasiliteerder van die bespreking in die groep. Hy inisieer die lees van die Bybel, stel die vrae, begelei die bespreking in die hele groep, vat die antwoord op elke vraag saam en teken 'n illustrasie op die bord of vel papier wat kan dien as 'n samevatting van die antwoord op elke vraag. Voordat elkeen vertrek, nooi hy almal uit na die volgende geleentheid van die groep.

(4) Oorsig van die agenda van 'n ontdekkingsgroep:

- Inleiding en verduideliking van die gang van sake (± 5 min).
- Lees van die Bybelgedeelte (twee maal) (± 10 min).
- Elke paar praat oor elke vraag (± 5 min) voordat die bespreking in die hele groep (± 8 min) voortgaan.
- Die groepleier vat die antwoord op elke vraag saam deur gebruik te maak van die antwoorde wat die deelnemers gegee het (± 1 min). Dan stel hy die tweede vraag, ens.
- Aan die einde teken die groepleier 'n samevattende illustrasie op 'n bord of vel papier (± 3 min). Die illustrasie moet die waarhede, wat deur die deelnemers ontdek is, bevat. Hy eindig met 'n uitnodiging na die volgende byeenkoms.

7. Ná die ontdekkingsgroep.

(1) Geselligheid.

Julle kan ook nog saam iets geniet; later kan mens musiek in die agtergrond speel. Die pare het saam daar aangekom en vertrek later ook weer saam met mekaar.

(2) Kontak.

Die christen hou gedurende die week kontak met die nie-Christen en bly betrokke by sy lewe.

(3) Die beslissing.

Wanneer 'n nie-Christen nog meer belangstelling toon in die evangelie, lê dan die evangelieboodskap aan hom uit d.m.v. die 12 Bybelverse metode. Dit is belangrik dat die nie-Christen die evangelie goed begryp. Jy kan hom versigtig vra of hy 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus wil aangaan. Indien hy 'ja' antwoord, dan kan jy saam met hom bid of hom 'n gebed laat bid waarin hy Jesus Christus aanneem. Soms is dit beter om te wag en net vrae te stel wat hom sal help om die evangelie beter te begryp.

(4) Frekwensie.

Sommige nie-Christene kom éénkeer na die ontdekkingsgroep se byeenkoms toe, andere kom reëlmatig of juis ongereeld. Dit is nie so erg nie. Die doel is om ontspanne met mekaar om te gaan en om die waarhede in die Bybel met mekaar te kan bespreek op 'n manier wat die nie-Christen help om die evangelie te begryp.

(5) Nasorg.

Wanneer 'n hele paar mense tot geloof in Jesus Christus gekom het, kan op dieselfde aand, in 'n ander kamer op dieselfde plek 'n 'groeigroep' met hulle gevorm word.

So kan die mense mekaar nog ontmoet tydens die eet of koffiedrinkery.

(6) Konsentreer op die boodskap van die evangelie.

Die ontdekkingsgroep is 'n evangelisasie-bybelstudie (EBS). Elke byeenkoms is 'n volledige program. Hoewel sommige persone maar net eenmaal kom, hoor hulle tog die hele evangelie. Daarom is die benadering van die ontdekkingsgroep om elke keer die drie belangrike waarhede van die evangelie so duidelik moontlik uit te lig deur die volgende drie vrae te bespreek:

- “Wie is Jesus Christus?”
- “Wat het Jesus Christus vir jou gedoen?”
- “Hoe kan jy 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus begin?”

C. GESKIKTE BYBELGEDEELTES VIR 'N ONTDEKKINGSGROEP

Geskikte Bybelgedeeltes vir die ontdekkingsgroep in 'n halfjaar siklus.

Jy sou die volgende Bybelgedeeltes kon gebruik:

1. Lukas 2:1-52. Die geboorte en jeug van Jesus.
2. Lukas 4:1-30. Die versoekings en verwerping van Jesus.
3. Markus 1:1-45. Jesus is magtig en geestelik, God, maar word tog versoek, Prediker, Leraar en Geneesheer, afhanklik en barmhartig.
4. Markus 2:1-27. Die geestelike en fisiese gesag van Jesus, siek en gesonde mense, ou dinge en nuwe dinge.
5. Markus 3:1-35. Godsdienstige reëls en menslike behoeftes, bese geeste en die Heilige Gees, aardse familie en hemelse familie.
6. Markus 4:35 - 5:43. Die gesag van Jesus oor die natuur, demone, siektes en die dood.
7. Markus 10:1-52. Egskeiding, kinders, de rykes, leiers en sy kruisiging.
8. Johannes 2:23 - 3:21. Wedergeboorte, verlossing en oordeel.
9. Johannes 4:1-42. Die Heilige Gees en ware aanbidding.
10. Johannes 5:1-47. Die aansprake van Jesus oor sy verhouding met God die Vader en die getuies van Jesus.
11. Johannes 6:24-72. Voedsel wat bederf en voedsel wat bly tot in ewigheid.
12. Johannes 10:1-39. Die Goeie Herder en sy skape. Was Jesus 'n demoon of God?
13. Johannes 14:1-27. Die aanspraak van Jesus m.b.t. die éinigste Weg na God toe en sy leer oor die Heilige Gees.
14. Markus 15:1-47. Die verhoor, verwerping, kruisiging en begraving van Jesus.
15. Jesaja 52:13–53:12. 'n Profesie oor die lyding en die oorwinning van die Messias (Griekse woord: Christus)
16. Johannes 20:1-31. Die opstanding en verskynings van Jesus.
17. Handeling 1:1-11, 2:1-17. Die hemelvaart en Pinkster.
18. 1 Tessalonisense 4:13 - 5:11. Die wederkoms van Jesus.
19. Openbaring 20:11–15. Die laaste oordeel.
20. Openbaring 21:1-22:6. Die nuwe hemel en aarde.
21. Johannes 1:1-18. Die ewige bestaan van Jesus.
22. Johannes 1:19-51. Die roeping van Jesus se dissipels.
23. Kolossense 1:15-23, 2:9-15. Jesus Christus is absoluut uniek.
24. Romeine 3:1-31. Die evangelie.
25. Efesiërs 2:1-22. Die evangelie.

Hierdie siklus van 25 byeenkomste kan elke halfjaar herhaal word!

D. VOORBEELD VAN 'N ONTDEKKINGSGROEP SE PROGRAM

1. Inleiding.

Die groepleier verduidelik dat die doel van die ontdekkingsgroep is om saam die waarhede in die Bybel met betrekking tot God, die mens en die lewe te ontdek.

2. Lees.

Lees Matteus 9:1-38. Elke deelnemer lees één vers. Daarna lees elkeen vir homself dié Bybelgedeelte nóg 'n keer deur.

3. Vrae.

Die groepleier het die volgende vrae voorberei en stel hulle één vir één aan die orde:

Vraag 1. Hoe wys Jesus Sy belangstelling vir mense as individue?

Vraag 2. Watter aspek van die persoonlikheid van Jesus word geopenbaar in die genesing van die verlamde?

Vraag 3. Wat bedoel Jesus as Hy sê, “Die oes is groot, maar arbeiders min”?

Vraag 4. Hoe reageer die verskillende mense in hierdie hoofstuk op Jesus Christus?

Bespreek elke vraag eers in die pare. Gebruik 'n paar minute daarvoor. Gaan dan voort met die bespreking in die hele groep.

4. Bespreken.

Luister na die ontdekkings van die verskillende pare en bespreek die antwoord op die vraag.

5. Samenvatting.

Die groepleier vat die antwoord van elke vraag saam, deur gebruik te maak van die ontdekkings in die groep.

Aan die einde teken hy 'n samevattende illustrasie op die bord of 'n vel papier.

Die samevattende illustrasie van Matteus 9:1-38 kan soos volg daar uitsien (vgl die onderstaande illustrasie).

CHRISTUS



Jesus het gesag om zondes te vergewe.
Hy vergewe sondes daadwerklik.
Hy genees die verlamde man.
Hy genees die siekes.
Hy wek die dooies op.
Die nuwe lewe van God vra dat ons 'n nuwe hart sal kry!
Jesus vra, "Glo julle dat Ek dit kan doen?" (9:28)

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
---	------------------	--

Bid saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) tot God reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam met mekaar vór mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel 'n strokie papier met die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat die groeplede dit neerskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie van die ontdekkingsgroep met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
- Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Josua 5:13- 8:35. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge daarvan.
- Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor: (1) 1 Timoteus 6:3-19. Tema: Geld in die wêreld. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
- Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en die ontdekkingsgroep.